

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

4.1 OORSIGTELIKE OPSOMMING

Die samevatting van die studieresultate en die verandering in die profiel van KHS, die KHS-risikofaktore en die teikenorgaanskade van Suid-Afrikaanse swart mense, vergeleke met ongeveer 30 jaar tevore word aangebied en bespreek in 4.2. Hieruit volg die rigting waarin nuwe navorsing voorgestel word (4.3).

Die hoofstuk volg met aanbevelings vir voorlegging aan die Departement Nasionale Gesondheid (4-4). Eerstens word die vroeë diagnose en behandeling van die KHS-risikofaktore en teikenorgaanskade in swart mense met KHS bespreek (4.4.1). Tweedens volg die gesondheidsbevorderende voorstelle (4.4.2) en laastens enkele ander voorstelle (4.4.3).

Die hoofstuk word afgesluit met 'n kort samevatting (4.5), en dek die WGO-riglyne vir die hantering en voorkoming van KHS, die KHS-risikofaktore en die teikenorgaanskade (4.5.1). Die konsensusaanbevelings vir die diagnose, hantering en voorkoming van KHS, die KHS-risikofaktore en die teikenorgaanskade met kliniese riglyne wat nasionaal vir Suid-Afrika ontwikkel is, word in 4.5.3 aangetoon. Hierna volg die verwysings.

4.2 DIE VERANDERING VAN DIE KHS-PROFIEL VAN SWART MENSE GEDURENDE DIE AFGELOPE 30 JAAR

4.2.1 Bespreking van verandering in die KHS-profiel van swart mense

Die profiel van die KHS-pasiënte (Hoofstuk 3) verskil van dié van vorige Suid-Afrikaanse studies.¹⁻¹¹ Dieselfde patroon soos beskryf in Afro-Amerikaners met bevestigde koronêre arteriële siekte (KAS) het ook in stedelike Suid-Afrikaanse swart mense ontluik.¹²⁻¹⁸ Die omvang van die verandering in die verloop van drie of meer dekades, te midde van 60 of meer jaar se blootstelling aan verstedeliking, figureer in die evaluasie in Tabel 4-1.

Tabel 4-1. Twee profiele van KHS onder swart Suid-Afrikaners in die verloop van 30 - 40 jaar			
KHS-profiel onder swart mense	KHS-pasiënte vorige Suid-Afrikaanse studies 1950-1968	KHS-pasiënte Pretoria-studie 1982-1986	Verandering
Kliniese beeld*			
Borskaspyn, EKG, ensiemes	Atipies ^{1-7,11}	KHS soos gedefinieer deur WGO en moderne teksboeke ¹⁹⁻²²	Soortgelyke kliniese beeld vergeleke met Seftel <i>et al.</i> ⁸⁻¹⁰
Demografiese profiel			
KHS-insidensie per Ouderdomsgroep	KHS neem toe met ouderdom tot 54 jaar ⁸	KHS neem toe met ouderdom tot 64	Moontlike verandering. KHS neem toe met ouderdom tot 64. Geen verskil ten opsigte van insidensie per ouderdomsgroep nie
Beter kwalifikasie as dié van hoërskool**	26,7% ⁸	31,5%	Moontlik beter geskoold
Beroepstatus	Meer geskoolde werkers en meer arbeiders ^{8,9}	Meer semi-professionele en professionele persone. Ontwikkeling van 'n informele sektor	Moontlike verskuiwings na hoër beroepstatus
Inkomste	R432 p.a. ⁸	R3 237 p.a.	Moontlike toename, inflasie syfers nie in berekening gebring
Mediese Geskiedenis			
Fisiese aktiwiteit (FA)⁹			
Tuis			
Ligte en matige FA	48,1% ⁹	98,9%	Baie minder aktief
Werk			
Slegs ligte FA	22% ⁹	42,7%	Minder aktief
Matige en hoë FA	78% ⁹	28,1%	Minder aktief
Dieetkundige makronutriënt inname^{††}			
%E uit Koolhidrate (KH)	70% ²³	50,4%	Afname in %E verkry uit KH en Prot.-inname Makronutriëntprofiel toon 'n toename van 111% in die %E uit vetinname moontlik agv verstedeliking
%E uit Vette	16% ²³	33,8%	
%E uit Proteïen (Prot)	14% ²³	12,4%	
Die KHS-hoofrisikofaktore			
		Prevalensies	
Hipertensie ≥ Gr I	33% ⁸ en 50% ⁹	95,5%	Moontlike verandering
Rookgewoonte	32,6% ⁹	79,8%	
Diabetes Mellitus	16,7% ⁸	31,5%	
Minstens een lipiedfraksie verhoog (TC ≥ 5,0; TG ≥ 1,5; LDL > 3,0; HDLC < 1,2)	36% ¹⁰	95,5%	
Hipertriglisieridemie	26,7% ⁹	46%	
		Gemiddelde waarde	
Gemiddelde TC-vlakke [§]	4,0 mmol/L ²⁴	6,07 mmol/L	Hoër gemiddelde waardes
Gemiddelde TG-vlakke ^{§§}	1,46 mmol/L ¹⁰	1,75 mmol/L	
Teikenorgaanskade			
Perifere arteriële siekte	26,7% ⁸	57,3%	Moontlike verandering
Patologiebeelde tydens nadoodse ondersoek^{8,9}			
Gr III en Gr IV KV-lletsels*	40% ⁸	88%	Moontlike verandering in die graad en uitgebreidheid van die aterosklerotiese KV-lletsel
KV-trombus sonder aterosklerose	40% ⁸	0	Moontlike verandering
10-jaar KHS-mortaliteit			
	Nie gerapporteer nie	85%	
Moontlike veranderende tendens GMR vir KHS (IKKS 410-414), in swart mense	Nie gerapporteer nie	Waargenome KHS sterftes (O) hoër as voorspelde sterftes (E) veral in jonger ouderdomsgroepe	Moontlike verandering

GMR = Gestandaardiseerde mortaliteitskoers

IKKS = Internasionale kode vir die klassifikasie van siekte

* Gevallestudie en ander studies, hoofstuk 4 verwysings 1-7 en 11

** Seftel *et al.*-studie, N = 30 KHS-pasiënte, verwysings 4-8, Tabelle 1-3 tot 1-7

† Seftel *et al.*-studie, N = 14 KHS-pasiënte, verwysing 4-9, Tabelle 1-3 tot 1-7

†† Bronté-Stewart interetniese Kaapse studie, verwysings 4-24

§ Seftel *et al.*-studie, verwysings 4-10

§§ Fox (1945) Johannesburgstudie met 449 stedelike swart mense tussen 15 en 64, verwysings 4-23

Soos aangedui in Tabel 4-1, het veranderinge plaasgevind in die kliniese beelde waarmee KHS-pasiënte gepresenteer het. Dit sluit die demografiese profiel, die mediese geskiedenis, die KHS-hoofrisikofaktore en teikenorgaanskade, asook die patologiebeelde in. Opvallend is dat benewens die kliniese beelde weinig van die vroeëre Suid-Afrikaanse studies (veral dié voor 1970) hierdie waarnemings dokumenteer.^{1-4,7,11}

4.2.2 'n Bespreking van moontlike veranderinge wat in die verloop van 30 jaar plaasgevind het

Atipiese kliniese beelde,^{1-7,11} variant-EKG-patrone²⁵⁻³⁹ en moontlike kriptogene⁶ hartsiektes het plek gemaak vir die tipiese borskaspyn met EKG-veranderinge en kardiaal ensiemstygings van KHS, soos gedefiniëer deur die WGO.^{19,20} Interessant genoeg is dieselfde atipiese beelde ook in Afro-Amerikaanse mense tussen 1940 en 1955 beskryf,^{40,41} ongeveer 35 jaar voordat die huidige KHS-epidemie aldaar gerapporteer is.⁴²⁻⁴⁴ Reddy *et al.*^{45,46} en Ounpuu *et al.*⁴⁷ voorspel ook 'n kardiovaskulêre siekte-epidemie in Afrika-lande suid van die Sahara teen ongeveer 2020. Die tydperk tussen laasgenoemde datum en die huidige Pretoria-gevallekontrolestudie duur ook ongeveer 35 jaar. KHS sal moontlik ook 'n bydrae tot hierdie katastrofe lewer.

Die ontluiking van 'n familiegeskiedenis van miokardiale infarksie is selde tevore gerapporteer.^{1-7,11} Dit het plaasgevind 30 - 35 jaar (een geslag) nadat Seftel *et al.*⁸ die eerste groter KHS-studie in Suid-Afrikaanse stedelike swart mense beskryf het. Die huidige KHS-pasiënte sou dus wel hul nasate kon wees! Die ontluiking van 'n familiegeskiedenis van MI in Afro-Amerikaners het in die verloop van 20 jaar vermeerder van 0 tot 50%.⁴⁸⁻⁵³ Hierdie toename in FMI onder Afro-Amerikaners word as hoogsbetekenisvol beskou. Dit sou miskien nie vergesog wees om te sê dat Afrikane* ook in die toekoms dieselfde verloop sal toon nie. Daarbenewens mag die teenwoordigheid van hipercholesterolemie (33%) en/of gemengde dislipidemieë (> 50%) in die KHS-pasiënte, asook die vroeëre beskrywings van familiële hipercholesterolemie en dislipidemie in swart mense, 'n verklaring vir hierdie waarneming bied.⁵⁴⁻⁵⁷ Volgens beskikbare literatuur is Lp (a)-waardes hoër in swart

* *Afrikaan*, ..*kane*: Inwoner van Afrika; Afrikaan; Swarte, Swart mens, Swart man; (*mv.*) Swartes, Swart mense, Afrikane. Vir die doel van hierdie studie sal na die studiegroepe verwys word as [Suid-Afrikaanse] swart mense.

mense vergeleke met wit mense, en kan moontlik 'n bydrae lewer tot KHS-risiko wat oorgeërf word.⁵⁸⁻⁶⁴

Die BARKER-hipotese;⁶⁵⁻⁸³ poneer dat foutiewe fetale programmering as gevolg van gebreksiektes in utero,⁶⁵⁻⁶⁸ met gevolglike lae geboortemassas, kort liggaamslengtes en skraalheid tydens geboorte en/of gebreksiektes in die vroegste kinderjare,^{65,70} aanleiding gee tot permanente strukturele en metaboliese veranderings⁷² waardeur KHS,^{67,74-77,82} hipertensie^{74,77,80} en NIADM-II^{74,79} en oormassa^{77-80,82} in die latere lewe mag ontwikkel. Meer onlangs is 'n verwantskap tussen die Genoom-studie,⁶⁹ gebreksiektes in utero, en gevolglike foutiewe fetale programmering ook voorgestel. Moontlik sal die verband tussen die ontwikkeling van 'n familiegeskiedenis van KHS te midde van armoede, gebrekkige sosio-ekonomiese faktore en minder bevredigende gesondheidsdienste in die toekoms 'n verklaring vir hierdie verskynsel bied.^{65,69,70,82,83}

Die hoër prevalensie van die KHS-hoofrisikofaktore tesame met teikenorgaanskade is opvallend vergeleke met 30 - 35 jaar vantevore.^{6,8-10} Dit beklemtoon moontlik die effek van verstedeliking, veranderende en ongesonde lewenstylgewoontes, asook oneffektiewe hantering en kontrole van risikofaktore, soos hipertensie, diabetes mellitus en hipercholesterolemie gedurende die leeftyd van die KHS-pasiënte.⁸⁴⁻⁸⁸

Die patologiebeelde van die KHS-pasiënte toon merkbare veranderings vergeleke met vroeër.^{8,9} Die aantal gevalle met Gr III en IV gekompliseerde aterosklerotiese koronêre arteriële letsels en aterosklerotiese serebrovaskulêre siekte is opvallend. Indirekte tekens van die verlengde blootstelling aan swak gekontroleerde hipertensie soos vergrote hartmassa, LVH en benigne nefrosklerose is gevind.^{90,91} Afwykings langs die hipotalamus-, hipofise- en bynieras kan moontlik verband hou met die voorstelle van die Barker-hipotese en die ontwikkeling van hipertensie.^{69,71,92}

Die waargenome (O) tot verwagte (E) KHS-MR ($O/E\%$) het die 100%-merk vir swart mense veral in die jonger ouderdomsgroepe oorskry. Vanweë die talle gebreke in vitale statistiek word hierdie moontlike veranderende tendens bevestig.⁹³⁻⁹⁵

Sommige van die waarnemings in hierdie studie is nie in die vroeëre studies voor 1970 gedokumenteer nie. Veranderinge wat plaasgevind het kon derhalwe nie beoordeel word nie. So byvoorbeeld was 44% van die KHS-pasiënte vergeleke met 22% van die kontrolepersone ongeletterd;⁸ die vermoede bestaan dat daar moontlike veranderinge plaasgevind het vanweë sosiale onrus, en ook omdat skoling van swart

mense destyds nie verpligtend was nie. Vername veranderlikes soos die familiegeskiedenis van diabetes mellitus, hipertensie, MI en serebrovaskulêre siekte is selde voorheen gerapporteer nie, maar die vermoede bestaan tog in die lig van huidige kennis rakende die genetica van hipertensie en diabetes mellitus dat moontlike veranderings kon plaasgevind het.^{88,96} Die familiegeskiedenis van hipertensie, MI en diabetes mellitus is wel deur Levitt *et al.*⁹⁷ Steyn *et al.*,⁹⁸ Seedat *et al.*⁹⁹ en Singh *et al.*¹⁰⁰ gerapporteer. Daarbenewens is sommige van die teikenorgaanskade ook nie voldoende in die studies voor 1970 tydens lewe, en ook nie in die nadoodse studies, gerapporteer nie.⁸⁻¹⁰ Voorbeelde hiervan is LVH, renale hipertensiewe verandering, serebrovaskulêre siekte, vergrote byniermassas en hipofise-bynierasafwykings. Vanweë die ongewone styging wat in die voorkoms van risikofaktore, soos hipertensie, diabetes mellitus en dislipidemie waargeneem is, bestaan die vermoede tog dat 'n verandering besig is om plaas te vind.

Hieruit volg die rigting waarin nuwe navorsing voorgestel word.

4.3 DIE NAVORSINGSVOORSTELLE

4.3.1 Verdere navorsing wat uit die meerveranderlike analise van hierdie studie kan voortvloei, word aanbeveel om lig te werp op genetiese faktore wat moontlik bydra tot die ontwikkeling van KHS in Suid-Afrikaanse stedelike swart mense. Hierby word die familiegeskiedenis van MI, hipertensie en diabetes mellitus ingesluit. Die beskikbare literatuur uit Afrika en die VSA bevestig die geldigheid van die studiewaarnemings.^{48-64,69,82,101} Volgens meer moderne literatuur berus die ontwikkeling van teikenorgaanskade, soos LVH en renale teikenorgaanskade waarskynlik ook op genetiese faktore.^{101,102} Hierdie waarnemings regverdig genetiese navorsing van die onderskeie familiegeskiedenis (MI, hipertensie, diabetes mellitus, LVH en renale teikenorgaanskade) saam met die faktore wat daarmee gepaard gaan op kwaternêre vlak.

4.3.2 Die verwantskap tussen FMI en hipercholesterolemie $\geq 6,5$ mmol/L (33%), en dié tussen FMI en gemengde dislipidemie ($> 50\%$) vereis verdere bestudering en navorsing. Die geldigheid van die vroeëre beskrywings van die teenwoordigheid van familiële hipercholesterolemie en dislipidemie in swart mense behoort ter bevestiging deel van hierdie ondersoek te vorm.^{54-57,62,64}

- 4.3.3 Die geldigheid van die Barker-hipotese en die moontlike verwantskap tussen KHS-risikofaktore, soos hipertensie, diabetes mellitus en oormassa en familiële neigings ten opsigte van MI, hipertensie en diabetes mellitus regverdig verdere navorsing.⁶⁵⁻⁸³ Die insameling van bykomstige inligting tydens die registrasie van geboortes, byvoorbeeld geboortemassa en lengte, en geselekteerde perinatale waarnemings, saam met die inligting wat ingesamel word tydens die sertifisering van sterftes (risikofaktore) kan vername bydraes ter bevestiging van die Barker-hipotese lewer. Dit kan moontlik deel van 'n langtermyn prospektiewe studie vorm.
- 4.3.4 Die verdere bestudering en navorsing van demografiese veranderlikes, soos ouderdom en geslag, mag lig werp op veranderende tendense met verloop van tyd. Bykomstige studie in verband met KHS en die kwesbaarheid van die swart vrouens word vereis, soos vermeld in die literatuur ten op sigte van Afro-Amerikaanse vroue.^{22,42,43,93}
- 4.3.5 Die omgekeerde verwantskap tussen KHS, KHS-risikofaktore en die teikenorgaanskade en sosio-ekonomiese faktore, soos aangetoon vir Afro-Amerikaners en in ander studies, regverdig ook verdere studie en navorsing.¹⁰³⁻¹⁰⁶
- 4.3.6 Baie meer inligting behoort ingesamel te word ten opsigte van dieetkundige en psigososiale faktore en hulle verwantskap met KHS, KHS-risikofaktore en teikenorgaanskade.^{70,107,108}
- 4.3.7 Die waarnemings wat in die patologiëstudie gemaak is, vereis ook verdere navorsing rakende koronêre en kardiovaskulêre aterosklerose, die teikenorgaanskade en onverwagse bevindings, soos die toenames in byniermassa en afwykings in die verloop van die hipotalamus-, hipofise- en bynieras.^{92,101,102} Die verwantskap tussen hierdie bevindings en die ontwikkeling van hipertensie regverdig verdere studie. Die bestudering van KHS in 'n gemeenskapspatologiëstudie met die fokus op alle sterftes in geregtelike geneeskundige nekropsies word aanbeveel.^{90,91}
- 4.3.8 In die lig van die huidige VIGS-pandemie word navorsing vereis rakende antiretrovirale middels wat moontlik verband hou met hiperlipidemie en die dislipidemieë en die ontwikkeling van KHS.^{86,109}

- 4.3.9 Bykomstige navorsing word vereis om die rol van verhoogde CRP-vlakke, homosisteïen, virus en bakteriële infeksies en endoteelskade in die ontwikkeling van aterosklerotiese KV-siekte in swart mense aan te toon.^{110,111}
- 4.3.10 Hierdie studie het gefokus op die aterosklerotiese patologie gevind in die KVS van swart mense met KHS. Hierdie patologiesveranderinge in die koronêre arteries en die res van die KVS is nou verweef met faktore wat die stolling van bloed beïnvloed. Aangesien hierdie faktore nie in dié studie nagevors is nie, word verdere navorsing om die afwykings te bepaal wat met bloedstolling verband hou, voorgestel. Genetiese afwykings wat 'n etiologiese rol mag speel is: antitrombin III-gebrek, proteïen C-gebrek; proteïen S-gebrek, displasminogenemie, disfibrinogenemie, abnormale vrystelling van plasminogeen-aktiveerder-inhibitor, vermindering van plasminogeen-aktiveerder in veneuse bloed, gebrekkige heparien kofaktor II en homosisteïenurie. Die verworwe afwykings wat bloedstolling mag beïnvloed is byvoorbeeld, chroniese kongestiewe hartversaking, metastatiese tumore, metastatiese maligniteit, uitgebreide trauma of chirurgie, miëlproliferatiewe afwykings, Behçet-sindroom, Kawasakie se siekte en die inname van orale voorbehoedmiddels of L-asparginose en plaatjie afwykings.^{110,111}
- 4.3.11 Die gevallekontrolestudie-ontwerp is by uitstek geskik om die kenmerkende eienskappe van 'n skaarssiekte soos KHS in stedelike swart mense te beskryf. Die meerveranderlike analise het ook die platform geskep van waar verdere navorsing voorgestel word.^{112,113}

Die model wat geskep is vir die herkenning van KHS in swart mense mag as 'n koste-effektiewe metode toegepas word om nuwe swart KHS-pasiënte te identifiseer vir ingrypende tegnieke soos koronêre angiografie. Vanweë die retrospektiewe verloop van die gevallekontrolestudie mag hierdie model nie prospektief op 'n bevolking toegepas word vir die voorspelling van KHS nie.¹¹³

Die KHS-model wat uit die meervoudige logistiese regressie voortgevloeit het mag egter op swart KHS-pasiënte toegepas word om leemtes in die

huidige model te identifiseer. Hierdeur kan nuwe risikofaktore aangetoon word wat ook verdere navorsing vereis.

4.3.12 Die gevallekontrolestudie-ontwerp is nie geskik om die werklike prevalensie van KHS, die KHS-risikofaktore en die teikenorgaanskade te bepaal nie. Hierdie prevalensies word ten beste in deursneestudies (ook bekend as “prevalensie”-studies) beantwoord. Goedbeplande deursneestudies behoort gereeld en multisentries uitgevoer te word om die voorkoms van byvoorbeeld KHS, KHS-risikofaktore en teikenorgaanskade in gespesifiseerde bevolkings te bepaal.¹¹²

4.3.13 Die studie-ontwerp wat by uitstek geskik is om insidensie van KHS, KHS-risikofaktore en teikenorgaanskade te bepaal is die prospektiewe kohortstudie. ’n Goedbeplande kohortstudie kan gebruik word om die belang van die verskeie KHS-risikofaktore en teikenorgaanskade, soos in hierdie studie geïdentifiseer is, verder te ondersoek. Die vergelyking van individue wat blootgestel is met dié wat nie blootgestel is nie as kontrole, word dan prospektief opgevolg om te bepaal watter gevalle KHS ontwikkel en watter nie. ’n Voorbeeld hiervan is die Framingham studie wat ’n prospektiewe kohortstudie-ontwerp is. Hierdie studie verloop nou reeds oor dekades en geslagte heen en lewer steeds baie belangrike bydraes tot ons huidige kennis van KHS en die KHS-risikofaktore. Hierdie tipe studie kan ook byvoorbeeld multisentries ontwerp en beplan word.¹¹²

4.3.14 By gebrek aan betroubare vitale statistiek sal ’n patologiastudie geskoei op die riglyne van die *International Atherosclerosis Project* lig kan werp op die voorkoms en area-oppervlakte aantasting van aterosklerose, asook die indirekte aanduiders van hipertensie en die omvang van die kardiovaskulêre aterosklerose probleem in swart mense.¹¹⁴ Hierdie tipe studie behoort deur geregtelike geneeskundiges uitgevoer word.

4.4 VOORSTELLE VIR DIE NASIONALE REGERING EN DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

’n Doeltreffende gesondheidsbeleid vir die voorkoming, behandeling en hantering van KHS, die KHS-risikofaktore en teikenorgaanskade verg ’n drie-dimensionele benadering. Eerstens word die vroeë diagnose en koste-effektiewe beheer van KHS-risikofaktore tesame met die rehabilitasie van mense met onderliggende KHS

en teikenorgaanskade by elk van die gesondheidsdiensleweringvlakke vereis. Die koste van laasgenoemde benadering is hoër aangesien siftingsondersoeke en behandeling van mense met KHS, KHS-risikofaktore en teikenorgaanskade benodig word.¹¹⁵ Tweedens word 'n veelsoortige gesondheidsbevorderingsprogram vir die bevolking as geheel benodig.^{85-87,116,117} Die voorkoming en verwydering van onderliggende risikofaktore is die meer koste-effektiewe benadering.¹¹⁷ Derdens word beperkte kwaternêre strategieë vir die identifisering en hantering van die genetiese belading van die KHS, KHS-risikofaktore en teikenorgaanskade veral in stedelike swart mense (die meerderheidsbevolking) vereis. Laasgenoemde is reeds bespreek onder die navorsingsvoorstelle. Ander kwaternêre funksies sluit weefseltipering en riglyne vir orgaanoorplantings in, en kan moontlik van belang wees in die toekoms.¹¹⁵

4.4.1 Die vroeë diagnose en behandeling van die KHS-risikofaktore en die teikenorgaanskade in pasiënte met KHS

Die huidige studieresultate behoort as aansporing te dien vir nasionale, provinsiale en regionale gesondheidsowerhede om kardiovaskulêre gesondheid in die toekoms te verseker. Ewewigtigheid moet geskep word tussen bevorderende-, voorkomende-, rehabilitasie- en kwaternêre dienste. Die vroeëtydige opsporing en hantering van KHS-risikofaktore ter voorkoming van die ontwikkeling van teikenorgaanskade (serebrovaskulêre siekte) en die ontwikkeling van KHS vereis prioriteitsaandag.¹¹⁵ Die toepassing van nasionale en WGO-riglyne vir die identifisering en effektiewe behandeling van dislipidemieë, hipertensie en glukose-onverdraagsaamheid sal bydra tot die identifisering van hoë risiko persone. Hierby ingesluit is die daarstelling en standaardisering van apparaat wat in werkende toestand is, en die opleiding van personeel om hierdie ondersoeke toe te pas en te interpreteer. Geykte aparate word vereis vir die meting van bloeddruk, die uitvoer van EKG en oefeninginspannings-EKG-ondersoeke, twee- en drie-dimensionele sowel as Doppler ekgografie van die hart en die res van die kardiovaskulêre stelsel, radiologiese en kerngeneeskundige tegnieke asook koronêre angiografie. Gestandaardiseerde laboratoriumfasiliteite vir die akkurate diagnosering van die dislipidemieë en die opsporing van primêre en sekondêre dislipidemieë, glukose-onverdraagsaamheid en die verdere identifisering van teikenorgaanskade word vereis. Hierdie gesofistikeerde tegnieke kan slegs van waarde wees mits koste-effektiewe siftingsondersoeke uitgevoer word ter voorkoming en/of behandeling van die KHS-hoofrisikofaktore (bloeddrukmetings, cholesterol- en

bloedglukosebepalings), die teikenorgaanskade, (uriendoopstokkie toetse, meting van serumkreatinienwaardes, ens). Hierdie doelstellings sal afhanklik wees van die vermoë van gesondheidsdienste om hoë risiko pasiënte uit te sif.²⁰ (Bronnelys 4.5.1 en 4.5.2)

4.4.2 Die gesondheidsbevorderende voorstelle

Gesondheidsbevorderende maatreëls behoort op die totale bevolking gerig te word. Hierby behoort teikengroepe in die gemeenskap, byvoorbeeld baba- en kinderversorgingsentra, kleuterskole, primêre en sekondêre skole, tersiêre opvoedingsinrigtings, kerke, jeugaksies, vroue-verenigings, asook elke vlak van gesondheidsorgdienslewering (primêr, sekondêr, tersiêr) ingesluit te word.^{85,86,115}

Die rol van die massamedia in gesondheidsbevorderingstrategieë behoort dramaties te vergroot. Hierby word die Internet, televisie, radio en gemeenskapskoerante ingesluit. Die bevordering van ongesonde gedrag en verwarrende boodskappe behoort beperk te word. Die massamedia behoort gesondheid grootskaals te bevorder deur ongesonde gedrag in spesifieke teikengroepe aan te spreek. Deur 'n gesonde lewenstyl begeerlik te maak, sal dit nagestreef word. Hierdeur sal aansprake op siftingsondersoeke deur die bevolking vereis word saam met die toepaslike hantering van KHS-risikofaktore en die teikenorgaanskade op elke vlak waar gesondheidsdienste gelewer word. Alle beskikbare mediakeuses behoort geëksploiteer te word om die gesondheidsboodskappe wat deur die media uitgesaai word, in die bevolking te versterk. Spesifieke aangeleenthede wat voorrang behoort te geniet en versterk behoort te word is:¹¹⁵

- Die antitabakboodskap soos vervat in die huidige tabakwetgewing
- Die gesonde dieetboodskap soos onderskryf deur die Hartstigting van Suid-Afrika, Kankervereniging en VIGS-groepe (Bronnelys 4.5.1 en 4.5.2).
- Die boodskap van gereelde fisiese oefening. Die daarstelling van voldoende sport- en ontspanningsgeriewe, sowel as deelname aan stap- en padwedlope word aanbeveel.
- Bovermelde boodskappe word saamgevat in die nuwe nasionale riglyne ter bekamping van oormassa, en word ten sterkste aanbeveel (Bronnelys 4.5.1 en 4.5.2 nommr 13).

Die formulering van 'n nasionale voedingsbeleid vir Suid-Afrika met gesamentlike deelname deur verteenwoordigers van gesondheid, landbou, die voedingsfere, die ekonomie en provinsiale departemente word vir so 'n georkestreerde aksie vereis.

Wetgewing word vereis vir leesbare voedsetiketette wat ook vir ongeletterdes verstaanbaar sal wees. Benewens die tradisionele makronutriëntinhoud, behoort die % vetinhoud, energie-inhoud en soutinhoud geaksentueer te word. Voedsetiketette behoort die algemene en selfs die ongeletterde bevolking te bemagtig om gesonde voedselkeuses uit te oefen.

Prioriteitsaktiwiteite ter ondersteuning van die bevolkingsgerigte gesondheidsorgbevorderingsaksie sluit veral die jeug van Suid-Afrika in:¹

Skoolgesondheidskurrikula (soos *Heartsmart*¹¹⁸ en *Heartfile*¹¹⁹) behoort binne 'n eenvormige onderwysstelsel ontwikkel te word.^{86,115} Gesondheidsbevorderingsmaatreëls vir KHS en KHS-risikofaktore behoort in samewerking met die VIGS-voorkomende aksies, die Kankervereniging en beroertegroep aangepak te word. Die risikofaktore vir hierdie chroniese siektes oorvleuel. Die gesamentlike hantering word aanbeveel om kostes te bespaar.

Die *Heart Smart*-program¹¹⁸ op sy beurt is ontwikkel om KHS in volwassenes te voorkom, deur die vestiging van voorkomende programme reeds in die kinderjare. Hierdie program ontwikkel op die skoolterrein. Daar bestaan voldoende bewys dat familiegewoontes 'n verneme rol speel in die ontwikkeling en instandhouding van gesondheidsprobleme soos vetsugtigheid, eetgewoontes en voedselvoorkeure asook oefening. Laasgenoemde dra by tot die ontwikkeling van hipertensie dislipidemie asook tipe 2 diabetes mellitus. Kennis van en houdings teenoor kardiovaskulêre gesondheid ontwikkel ook binne die familieverband.

Die doel van so 'n program is om:

- Die kinders met 'n verhoogde risiko vir die ontwikkeling van KHS en KV-siekte vroegtydig te identifiseer reeds gedurende hulle primêre skoolopleidingsjare. Dit word gedoen deur die instel van siftingsprogramme.

- Die ontwikkeling, implementering en monitering van skoolgebaseerde intervensieprogramme waarby beide die kind en sy familie voordeel sal trek.
- Te fokus op intervensie van veral eetpatrone en fisiese aktiwiteitsgewoontes. Hierdeur ontwikkel toepaslike selfhandhawingsvaardighede sodat beide kinders en volwassenes bemagtig word om hul verhoogde KHS en KV-siekte risiko te hanteer.

Die omvang van so 'n program waardeur gedragspatrone aangespreek word ter bevordering van kardiovaskulêre gesondheid vereis 'n spanbenadering. Hierby word dieetkundiges, sielkundiges, sportfisioloë, verpleegkundiges en kardioloë asook die onderwysers ingesluit.

Die voorkoming van die rookgewoonte saam met 'n begeerte na die “nie-rooknorm”, die vestiging van gesonde eetpatrone, en die belang van gereelde fisiese oefening word beklemtoon. Die bemagtiging van skoolkinders met onderskeidingsvermoëns om voedsel etikette te lees, en gesonde eetgewoontes te beoefen aan die hand van “gesonde voedselinkopielyste”, asook “wat eet ons tydens spesiale geleenthede” word aanbeveel. Vaardigheid word vereis sodat hulle ook die aanslag van die advertensiewêreld op hul lewenstyl sal kan herken en hanteer.^{86,118-122}

Die *Heartfile*-program verwys na die voorkoming van kardiovaskulêre siektes in bevolkings met beperkte finansiële en menslike hulpbronne soos Pakistan. *Heartfile* is elektronies ontwikkel in Pakistan (<http://heartfile.org>) en fokus benewens voorkoming van KV-siekte ook op gesondheidsbevordering, beleidsontwikkeling, oriëntering van gesondheidsdienste en die ontwikkeling van gemeenskaps intervensies. Beide die elektroniese media asook die drukkersbedryf word gebruik.¹¹⁹

Die program is geloods deur 'n nie-winsgewende organisasie en vorm 'n skakel tussen die openbare gesondheidsmedia en primêre gesondheidsprogramme. Tans is dit op die voorpunt van die Nasionale Aksie en Beplanning vir die voorkoming en beheer van nie-oordraagbare siektes (NCD) in Pakistan. Hierdie program is ook vereenvoudig, verwerk,

verpak en aangepas vir toepassing in ander ontwikkelende lande met eksklusiewe agentskappe. Die programme is ook aangepas om sosiale en kulturele sensitiwiteit te oorbrug. *Heartfile* het ook 'n oorsig rakende die beplanningsproses, implementering, voorleggings vir aansoeke en fondsinsameling ontwikkel en beskikbaar gestel.

Vir diegene wat voorkomende programme wil loods word potensiële slaggate uitgewys. Beide die privaat sektor en behoeftige gemeenskappe behoort baat te vind by die *Heartfile*-program. Riglyne vir deurlopende openbare en privaat sektor vennootskappe word ook voorgestel.

Die WGO het onlangs so 'n veelvuldige gesondheidsbevorderingsprogram beskryf ter bevordering van hartgesondheid en die voorkoming van kardiovaskulêre siektes.¹¹⁶ Hierby word KHS, die KHS-hoofrisikofaktore en die teikenorgaanskade ingewees. Dit maak gebruik van die bevolkingsgerigte benadering met beperkte hoë risikostrategieë. Die toepassing van nasionale beleidsontwikkeling en beleidsverandering, omgewingsondersteuning in oorleg met bevolkingsgebaseerde strategieë waarby alle vlakke van gesondheidsorg geïntegreer is, word aanbeveel vir die gesondheidsdepartement van Suid-Afrika.

4.4.3 Ander aanbevelings

1. Onderrig van die totale bevolking, insluitend die jong kind, skoliere, jeugdige, volwassenes, werkers, vroue en bejaardes in kardiopulmonale resussitasie tegnieke behoort aangemoedig en ondersteun te word. Gespesialiseerde agentskappe soos die Hartstigting kan 'n vername rol vertolk.
2. Die leemtes by die insameling van basiese gesondheidsinligting behoort aangespreek en reggestel te word deur die Sentrale Statistiekdiens sodat doelmatige gesondheidsbeplanning in die toekoms kan plaasvind. Die vernaamste hiervan is die registrasie van geboortes, die sertifisering van sterftes en die uitskakeling van vaag omskrewe oorsake van dood. Die beskikbaarheid van akkurate bevolkingstatistiek is 'n minimum vereiste vir gesondheidsbeplanning in die toekoms.
3. Die instel van 'n waaksaamheidsprogram, soos aanbeveel deur die WGO, vir die voortdurende monitering van kardiovaskulêre- en nie-oordraagbare-siektes. Hierdeur sal veranderende tendense met verloop van tyd betyds geïdentifiseer

word, sodat voorkomende aksies vroegtydig geloods kan word. Hierdie programme kan deel vorm van die nuwe demokratiese gesondheidswetgewing en beleid van Suid-Afrika.¹¹⁶ (Sien asseblief ook Bronnelys 4.5.1).

4.5 SAMEVATTING

Primêre en sekondêre voorkomende aksies waarby die vroeë identifisering van KHS, die KHS-risikofaktore en die teikenorgaanskade, die koste-effektiewe hantering en rehabilitasie van chroniese siektes veral onder swart mense word vereis. Die politieke wilskrag word betrek vir die ontwikkeling en daarstelling van 'n nasionale program, saam met die heropbou- en ontwikkelingprogramme. Hopelik sal dit groei en oorleef sodra die nood, soos in die huidige Pretoria-gevalliekontrollestudie aangetoon is, die ander gesondheidsprobleme oorskadu wat ook steun op die beperkte hulpbronne van Suid-Afrika se Nasionale Departement van Gesondheid.

Die hoë prevalensie van die tradisionele KHS-risikofaktore, teikenorgaanskade en genetiese faktore tesame met die wydverspreide aterosklerotiese kardiovaskulêre siekte waarmee die KHS-pasiënte in hierdie studie gepresenteer het, bevestig die werklikheid van die voorspelling van die KV-epidemie vir Suid-Afrikaanse swart mense. Die uurglas is besig om leeg te loop, en daarom is dit van kardinale belang dat die beplanners van die Suid-Afrikaanse gesondheidsbeleid hierdie studiebevindings ter harte sal neem. Toepaslike, effektiewe voorkomende gesondheidsstrategieë sal hierdeur betyds beplan en inwerking gestel kan word. Die bevordering van 'n gesonde lewenstyl tesame met openbare kennis en bewustheid van KHS, KHS-risikofaktore, teikenorgaanskade, die manifestasies van wydverspreide aterosklerotiese kardiovaskulêre siektes, asook die genetiese lading waaraan dit gekenmerk word, behoort die nukleus van so 'n voorkomende program te vorm. Voortdurende navorsing word vereis om die uitkoms van sulke KV-intervensieprogramme te meet. Die voorkomsbepaling van die KHS-risikofaktore en teikenorgaanskades, genetiese faktore, vir die meerderheids bevolking van Suid-Afrika vorm 'n integrale deel daarvan. Laasgenoemde berus ook op die 1996 WGO-aanbevelings met verwysing na *Future Intervention Options*.

4.5.1 Bronnelys van WGO-riglyne met aanbevelings vir die hantering van KHS en teikenorgaanskade

1. World Health Organisation/African Regional Office (WHO/AFRO). 2001. *Chronic Diseases Overview* [On line]. Available: <http://www.who.afro.org/cdp/ovieviar.html>. [2003, December 17].
2. World Health Organisation/African Regional Office (WHO/AFRO). 2003. *Environment and Promotion of Health: Typical Healthy Cities Projects in African Healthy Cities* [On line]. Available: <http://www.afro.who.int/eph/healthy-cities/project.html>. [2003, December 10].
3. World Health Organisation. 2003. *About Cardiovascular Diseases. Cardiovascular Disease Program Website* [On line]. Available: <http://www.who.int/cardiovascular-diseases/main.cfm?s=0010>. [2003, December 5].
